Verwysing: 20161118-6281
2/6/2
Navrae: KN Bydell

Omsendbrief: 0041/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Vakadviseurs, Koördineerders vir Mensbestuur, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief gee aan skole opdrag om jaarlikse skoolselfevaluerings uit te voer om omvattende en geloofwaardige skoolverbeteringsplanne te verseker. Elke skool moet oor 'n bygewerkte skoolverbeteringsplan beskik wat die skool in staat stel om sy vordering deur deurlopende selfevaluering te meet.*

Onderwerp: Skoolselfevaluerings en Skoolverbeteringsplanne

1. Inleiding

Jaarlikse bestuurprosesse soos skoolselfevaluerings (SSE's), skoolverbeteringsplanne (SVP'e), begrotings en verslagdoening word in alle openbare skole in die land vereis om tot 'n bemagtigende en funksionele skoolomgewing by te dra (Doelwit 21 – Aksieplan 2019: Skoolonderwys tot 2030).

2. Skoolselfevaluering (SSE)

2.1 Voor SVP'e ontwikkel word, is dit belangrik dat skoolgemeenskappe SSE's afneem dienooreenkomstig die nasionale beleid oor Heelskoolevaluering (HSE), soos gepubliseer in Staatskoerant Nr. 22512 van 26 Julie 2001. Volgens die HSE-beleid, is die fokus op interne monitering (SSE), eksterne evaluering (HSE) en goed gestruktureerde ondersteuningsdienste.

2.2 SSE is 'n proses van refleksie deur skoolgemeenskappe oor praktyke wat sistematies en deursigtig moet wees met die doel om leerderprestasie, onderwyspraktyk en die funksionaliteit van die skool te verbeter. Hierdie benadering is ontwerp om skole te

help om die mate waartoe hulle hul verantwoordelikhede vervul, te meet en leerderprestasie te verbeter.

2.3 SSE moet deur die nege sleutelareas vir evaluering gelei word soos vervat in die nasionale beleid oor HSE. Om die SSE-dokument af te laai, kan skole die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se webwerf besoek: http://www.education.gov.za

2.4 Die onlangs ontwikkelde standaard bedryfsprosedures (SBP's) vir kringbestuurders voorsien riglyne vir ondersteuning aan prinsipale.

3. Skoolverbeteringsplan (SVP)

3.1 Die beoogde uitkoms van alle skoolaktiwiteite is verbeterde leerderprestasie. Omvattende SVP'e dui die wyse aan waarop die geïdentifiseerde behoeftes vir algehele verbetering gemaak sal word.

3.2 Skole moet die uitslae van die SSE-proses saam met die Provinsiale Sistemiese Toetse/Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens se diagnostiese verslae en inligting oor die onderwyserontwikkeling vanaf die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS) verwerk om verbeteringsaktiwiteite vir insluiting by die SVP te prioritiseer.

3.3 Aanlyn SVP'e moet jaarliks teen einde Januarie ingedien word. Die WKOD se provinsiale SVP sluit 'n gedeelte in oor akademiese prestasieverbetering, asook die nodige elemente wat skoolverbetering ondersteun om tot verbeterde aanspreeklikheid en gehalte leeruitkomste te lei.

Skole moet SVP'e in twee dele ontwikkel:

- Afdeling A: Intervensies wat tot verbeterde leerderprestasie lei
- Afdeling B: Teikeninstelling sodra die akademiese uitslae bekend is

3.4 SVP'e moet deur die prinsipaal en die kringbestuurder asook die voorsitter van die beheerliggaam afgeteken word. Hulle sal dan vir integrasie in die distriksverbeteringsplan gebruik word.

4. Die skool se verantwoordelikheid

Die magtiging vir die professionele bestuur van skole berus by die prinsipaal wat deur die beheerliggaam ondersteun word. Prinsipale moet seker maak dat die volgende aktiwiteite voltooi word:

- Jaarlikse uitvoering van SSE's
- Ontwikkeling van geloofwaardige SVP'e
- Implementering van SVP'e
- Verslagdoening oor vordering ten opsigte van die implementering van SVP'e

5. **Die distrikskantoor se verantwoordelikheid**

Distrikskantore speel 'n sleutelrol in die ondersteuning van skole om opvoedkundige uitkomste te bereik (Beleid oor die Organisasie, Rolle en Verantwoordelikhede van Onderwysdistrikte, soos gepubliseer in Staatskoerant Nr. 36324 van 03 April 2013). Hierdie verantwoordelikhede sluit in:

- kringbestuurders wat skole ondersteun om die SSE's uit te voer;
- kringbestuurders wat SSE-verslae erken;
- goedkeuring van SVP'e;
- voorsiening van ondersteuning om die aktiwiteite wat in die SVP gespesifiseer word, te implementeer; en
- monitering van die vordering van die implementering van die SVP'e.

6. Die Strategiese Oorsig van SSE's en SVP'e is by hierdie omsendbrief aangeheg.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-10-14

BYLAAG A

STRATEGIESE OORSIG VAN SKOOLSELFEVALUERING EN SKOOLVERBETERINGSPLANNE